Die Boek van die Opregte 77

38 Daarna het Moshè in die **tuin van ReuEl**, wat agter die huis was, gegaan en hy het daar gebid tot JaHWeH, sy Elohey, wat magtige wonders vir hom gedoen het.

39 En dit was terwyl hy gebid het dat hy regoor hom gekyk het, en kyk, 'n **Staf van saffier** was in die grond gesteek, hy was **geplant in die middel van die tuin**.

40 Hy het na die Staf gegaan en gesien, en kyk, die **Naam van JaHWeH, die Elohey van die leërskare** was op hom gegraveer en geskrewe op die Staf. [Exodus 4:20]

41 Hy het dit gelees en sy hand uitgesteek en hom uitgetrek soos 'n boom uit 'n bos, en **die Staf was in sy hand.**

42 En dit was **die Staf waarmee al die werke van ons Elohey uitgevoer is** nadat Hy die Hemele en Aarde geskape het, al die werke van Sy Hand, seë, riviere, en al hulle visse.

43 En toe Elohim Adam uit die Tuin van Eden verdryf het, het **Adam die Staf in sy hand geneem** en gegaan en die grond gaan omploeg waaruit hy geneem is.

44 En **die Staf** is oorgedra tot by **Noag** en daarna aan **Sem** gegee en aan sy nageslag totdat hy in die hande van **Abraham**, die Hebreër, gekom het.

45 En toe Abraham alles wat hy gehad het aan sy seun, **Isak**, gegee het, het hy hom ook **die Staf** gegee.

46 Toe **Jakob** na Paddan-Aram gevlug het, het hy hom in sy hand geneem en toe hy teruggekeer het na sy vader, het hy hom nie laat bly nie.

47 Ook toe hy afgegaan het **na Egipte** het hy hom in sy hand geneem en het hom **aan JôWsef** gegee, een erfdeel bo sy broers, want Jakob het hom met geweld van sy broer, Esau, geneem. [Génesis 48:22]

48 En na die dood van JôWsef het die edelmanne van Egipte in die huis van JôWsef gekom en **die Staf** het in die hand van **ReuEl, die Midianiet**, gekom. En toe hy Egipte verlaat het, het hy hom in sy hand geneem en **in sy tuin geplant**.

49 En al die magtige manne van die Kiniete het probeer om hom uit te trek toe hulle gepoog het om Sippóra, sy dogter te kry, maar hulle was onsuksesvol.

50 Daardie Staf het geplant gebly **in ReuEl se tuin** totdat <u>hy wat op hom 'n reg gehad het</u>, gekom en hom geëien het.

51 Toe ReuEl die **Staf in Moshè se hande** sien, was hy verwonderd daaroor, en hy het hom **sy dogter, Sippóra,** as 'n vrou gegee.

78:7 In daardie dae het Moshè, die seun van Amram, in Midian vir **Sippóra**, die dogter van ReuEl, die Midianiet, as 'n vrou geneem.

8 En **Sippora het gewandel in die weë van die dogters van Jakob**. **Sy het nie tekort geskiet aan die Geregtigheid van Sarah, Rebekka, Ragel en Lea nie**.

9 En Sippóra het swanger geword en het 'n seun gebaar en hy het hom **Gersom** genoem, want hy het gesê: Ek was 'n vreemdeling in 'n vreemde land, maar **hy het nie sy voorhuid besny nie**, op die bevel van ReuEl, sy skoonvader.

10 Sy het weer swanger geword en het 'n seun gebaar, maar **sy het sy voorhuid besny** en hom **EliEzer** genoem, want Moshè het gesê: Omdat die Elohey van my vaders my Hulp was en my verlos het van die swaard van Farao.

11 En Farao, die koning van Egipte, het die arbeid van die kinders van JisraEl baie vermeerder in daardie dae, en **sy juk voortdurend swaarder gemaak op die kinders van JisraEl.**

12 Hy het beveel dat 'n bevel uitgevaardig word in Egipte wat lui: Gee **geen strooi meer** aan die mense om stene mee te maak nie. Laat hulle vir hulleself strooi haal waar hulle dit kan vind.

13 Ook die getal stene wat hulle moet maak, sal hulle elke dag lewer en **verminder niks vir hulle nie**, want hulle is lui in hulle werk.

14 En die kinders van JisraEl het dit gehoor en hulle het geweeklaag en gesug en hulle het **uitgeroep na JaHWeH as gevolg van die bitterheid van hulle siele**.

15 En JaHWeH het die geroep van die kinders van JisraEl gehoor en die verdrukking gesien waarmee die Egiptenare hulle verdruk het.

16 **En JaHWeH was jaloers oor Sy volk en Sy erfdeel en het hulle stem gehoor** en Hy het besluit om hulle uit die verdrukking van Egipte te neem en om die **Aarde van Kanaän** aan hulle te gee as 'n besitting.